UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005)

## – ’n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem

**Rudi (Marthinus Rudolph) Venter**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad**

**Philosophiae Doctor (Uitgewerswese)**

**in die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie**

**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**

**Studieleier: Dr. Francis (F.C.J.) Galloway**

**Junie 2006**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Verklaring

Ek verklaar dat *Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem* my eie werk in die ontwerp en uitvoering daarvan is, dat dit nie voorheen vir enige graad- of eksamendoeleindes aan hierdie, of enige ander, universiteit voorgelê is nie en dat alle bronne wat gebruik is, voldoende aangedui en erken is deur volledige bibliografiese verwysings.

*I declare that* Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem *is my own work in design and execution, that it has not been submitted for any degree or examination at this or any other university, and that all the sources used or quoted have been indicated and acknowledged by complete references.*

Rudi (Marthinus Rudolph) Venter

Geteken: ______________________________

Datum: _______________________________

**Die finansiële steun van die Nasionale Navorsing Stigting (NRF) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings wat in hierdie studie uitgespreek word en gevolgtrekkings waartoe gekom word, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die NRF toegeskryf word nie.**

***The financial assistance of the National Research Foundation (NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the NRF.***

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Samevatting

***Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem***

deur **Rudi (Marthinus Rudolph) Venter** (Studieleier: Dr. Francis (F.C.J.) Galloway)

Ph.D. (Uitgewerswese), Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria

Hierdie studie lê 'n fondament vir die empiriese kartering van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Die hoofnavorsingsvraag, naamlik hoe Afrikaanse fiksieproduksie vir die spesifieke periode gekarteer kan word, word beantwoord deur beide beskrywend-kwalitatiewe en statisties-kwantitatiewe empiriese navorsing. In die eerste, kontekstueel-deskriptiewe, komponent word die konteks waarbinne Afrikaanse fiksieproduksie plaasvind, deur kwalitatiewe navorsing beskryf. Die impak van transformasieverskuiwings op die produksielandskap en produsentelandskap word gekarteer deur 'n beskrywing van die uitgeesisteem. Binne dié sisteem word boekproduksie as institusie beskou wat in 'n intersistemiese verhouding met ander subsisteme bestaan: die institusionele kontekste (die media-, kultuur-, literatuur-, opleiding- en biblioteeksubsisteme) en die breër maatskaplike kontekste (die politieke-, ekonomiese- en tegnologiese kontekste). Transformasie-verskuiwings in die produsentelandskap (stigting, konglomeraatvorming, samesmelting, oornames en sluiting van uitgewerye) word beskryf deur 'n bespreking van profiele van die relevante produsente (uitgewerye en andersoortige produsente) wat bydra tot dié landskap. In die tweede, statisties-empiriese, komponent word die kontoere van die landskap van Afrikaanse fiksieproduksie deur middel van kwantitatiewe navorsing getrek by wyse van die rekonstruksie van 'n produksieprofiel en uitgeweryprofiel.

Op teoretiese vlak word daar aangesluit by die sosiologiese en institusionele benadering tot die empiriese literatuurwetenskap. Die ondersoek word geposisioneer binne die ontwikkelende toepassingsterrein van boekstudies en uitgewery-ondersoek en sluit aan by 'n spesifieke onderafdeling hiervan, naamlik die epistemologie van produksiestatistiek. Die polisisteemteorie van Itamar Even-Zohar en die teorie oor die veld van kulturele produksie van Pierre Bourdieu word as metodologiese raamwerk benut. 'n Aantal metodologiese instrumente is vir die doeleindes van die ondersoek ontwikkel: 'n nuwe model van die uitgeesisteem, 'n databasis van produksiestatistiek

(die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* – PDAF), twee tipologieë van soorte produsente en fiksiepublikasies waarvolgens onderskeidelik produsentekategorieë en produksiekategorieë onderskei kan word. Dit blyk dat die uitgeesisteem, die PDAF en die tipologieë van produsentekategorieë en produksiekategorieë as bruikbare instrumente vir die kartering van boekproduksie beskou kan word. Die ontwikkelde metodologiese instrumente lewer ’n bydrae tot die navorsingsterrein van boekstudies en uitgewery-ondersoek en kan ook toegepas word op boekstudienavorsing oor ander produksiekategorieë. Die PDAF maak ’n bydrae tot die praktyk deurdat dit as bruikbare bron dien waarmee die groei en diversifikasie van Afrikaanse fiksieproduksie gemeet kan word.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaanse fiksieproduksie gedurende die periode 1990-2005 indringend deur transformasieverskuiwings geraak is en dat die uitgee daarvan meer uitdagend geword het. Dit is gespeen van voormalige kunsmatige institusionele bevoordeling deur substansiële staatsondersteuning en moes transformeer na ekonomiese onafhanklikheid van gevestigde institusies. Aan die einde van die periode bestaan daar veel minder produsente in die produsentelandskap wat ’n standhoudende en produktiewe produksiebydrae lewer. Fiksieproduksie het in sommige produksiekategorieë ingekrimp en in ander gegroei. In geheel het die produksieprofiel in ’n groot mate gediversifiseer en Afrikaanse fiksieproduksie vind in ’n wye verskeidenheid produksiekategorieë plaas. Afrikaanse fiksie verteenwoordig steeds die mees geskakeerde en ontwikkelde plaaslike tradisie van fiksieproduksie. Die uitdaging is om in toekomstige gevallestudies die verbande tussen produksiepatrone en transformasieverskuiwings in die uitgeesisteem ten opsigte van spesifieke produksiekategorieë verder na te vors.

**Sleutelterme:** Afrikaanse fiksieproduksie, uitgeesisteem, *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF), produksieprofiel, uitgeweryprofiel, uitgewerygeskiedenis, transformasieverskuiwings, boekstudie, uitgewery-ondersoek, epistemologie van produksiestatistiek, Frank de Glas, polisisteemteorie, Itamar Even-Zohar, veld van kulturele produksie, Pierre Bourdieu, sosiologiese benadering, institusionele benadering, empiriese literatuurwetenskap.

**Junie 2006**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Abstract

***The material production of Afrikaans fiction (1990-2005) – An empirical study of the production and publisher profiles within the publishing system***

by **Rudi (Marthinus Rudolph) Venter** (Study leader: Dr Francis (F.C.J.) Galloway)

Ph.D. (Publishing), Department of Information Science, University of Pretoria

This study lays a foundation for the empirical mapping of the material production of Afrikaans fiction from 1990 to 2005. The primary research question, namely, how to map Afrikaans fiction production during this period, has been answered through both descriptive-qualitative and statistical-quantitative empirical research. In the first, contextual descriptive component, qualitative research is used to describe the context within which Afrikaans fiction production takes place. The impact of transformation shifts on the production and producer landscapes are mapped through a description of the publishing system. Within this system, book production is regarded as an institution that has inter-systemic relationships with other sub-systems, including institutional contexts (such as media, cultural, literary, educational and library sub-systems), as well as broader societal contexts (such as political, economic and technological contexts). Transformation shifts in the producer landscape (including the establishment, conglomeration, mergers, take-overs and closures of publishing houses) are described through profiling the relevant producers (including publishing houses and other kinds of producers) who contribute to this landscape. In the second, statistical empirical component, quantitative research is used to sketch the contours of Afrikaans fiction production through the construction of production and producer profiles.

On a theoretical level, the study follows a sociological and institutional approach to empirical literary studies. This study has been positioned within the developing field of book and publishing studies, specifically within the parameters of the epistemology of production statistics. Itamar Even-Zohar’s poly-system theory and Pierre Bourdieu’s theory of the field of cultural production form the theoretical framework. Several methodological instruments were developed for the purpose of this study, including a new model of the publishing system, a database of production statistics (the *Production Database of Afrikaans Fiction* – PDAF), and two typologies of kinds of producers and fiction publications according to which both producer and

production categories can be distinguished. The publishing system, the PDAF and the two typologies have been proven useful instruments for the mapping of book production. These instruments will contribute to the fields of book and publishing studies through their application to research on other production categories. The PDAF is a useful resource for measuring the growth and diversity of Afrikaans fiction production.

The study concludes that Afrikaans fiction production between 1990 and 2005 was incisively influenced by transformation shifts. Publishing in this field became more challenging in that Afrikaans fiction production had to wean itself from the artificial institutional privilege and substantial state support it had enjoyed and was forced to become economically independent. By 2005, there were far fewer significant producers of Afrikaans fiction in the producer landscape than in 1990. In some production categories, fiction production has shrunk, while, in others, it has grown. Overall, the production profile of Afrikaans fiction has greatly diversified, with Afrikaans fiction appearing in a wide variety of production categories. Afrikaans fiction remains the most diverse and best-developed indigenous tradition of fiction production. The challenge for future case studies is to investigate the relationships between production patterns and specific transformation shifts in the publishing system in terms of specific production categories.

**Keywords:** Afrikaans fiction production, publishing system, *Production Database of Afrikaans Fiction* (PDAF), production profile, producer profile, publishing house history, transformation shifts, book studies, publishing research, epistemology of production statistics, Frank de Glas, poly-system theory, Itamar Even-Zohar, field of cultural production, Pierre Bourdieu, sociological approach, institutional approach, empirical literary studies.

**June 2006**

## Dankbetuiging

'n Studie van hierdie aard en omvang kan nie tot stand kom deur die insette van slegs 'n enkele persoon nie. Ek bedank graag die volgende persone en instansies vir hul insette en bydrae tot hierdie studie:

- My studieleier, dr. Francis Galloway, wat van die begin af die meriete van die onderwerp ingesien het en met groot aanmoediging en entoesiasme my gelei het. Die samewerkingsverhouding met haar, beide as studieleier en as kollega binne die Program in Uitgewerswese, was 'n besonderse en opwindende navorsingsreis en het meegehelp aan my akademiese vorming. Daarvoor, my opregte dank en waardering.
- Die eksterne eksaminatore, proff. Hennie van Coller en Bernard Odendaal (Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat) en dr. Hans Ester (Departement Algemene Cultuurwetenschappen, Radboud Universiteit Nijmegen, Nederland), vir hul sinvolle en bruikbare kommentaar wat waarde toegevoeg het tot die finale produk.
- Prof. Theo Bothma, departementshoof van die Departement Inligtingkunde, vir sy ondersteuning, belangstelling en bereidwilligheid om navorsingsverlof aan my toe te staan. Ook aan al my ander kollegas in die Departement Inligtingkunde vir hul belangstelling in die studie.
- Die volgende uitgewers en ander rolspelers in die boekuitgewerybedryf met wie ek in 'n vroeë fase van die studie gesprekke gevoer het en wat meegehelp het tot die insigte waartoe ek gekom het: Hettie Scholtz (voorheen uitgewer by HAUM-Literêr en Queillerie); Hannes van Zyl (voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers), Kerneels Breytenbach, Etienne Bloemhof, Alida Potgieter, Nèlleke de Jager en Riana Barnard (NB-Uitgewers); Danie Botha (voorheen uitgewer by Tafelberg en Homeros); Nicol Stassen (Protea Boekhuis) en Jeanette Ferreira (voorheen uitgewer by Protea Boekhuis); Elmien Jordaan (voorheen uitgewer by LAPA); Daleen Malan (Jacklin Enterprises); dr. H.J.M. Retief (voorheen uitgewer by Daan Retief Uitgewers); Johan Nel (voorheen eienaar van en uitgewer by Makro Boeke en Benedic Boeke); Willem Struik (voorheen bestuurder van Perskor); Frikkie Nel (voorheen bestuurder van On the Dot Distribusie en die Suid-Afrikaanse Boekhandelaarsvereniging);

Elmari Rautenbach (voormalige redakteur van *Insig*); Francois Smith (voormalige boekeredakteur by *Die Burger*); Elizabeth de Raubaix (voormalige aankoper van Afrikaanse fiksie by die provinsiale openbare biblioteekdiens van die Wes-Kaap); Daniel Hugo (Radio*sonder*grense); en Attie van der Colf (Kaapse Argiefbewaarplek). Hulle bereidwilligheid om 'n bydrae tot die navorsing te maak, word hiermee erken.

- NB-Uitgewers, LAPA en Jacklin Enterprises wat katalogusse, elektroniese data en ander inligting voorsien het en bereid was om by die verifiëring van data betrokke te wees.
- Die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) wat bereid was om die volledige publikasiekatalogus elektronies beskikbaar te stel. Die personeel van NALN wat my gul tydens 'n navorsingsbesoek ontvang en van inligting voorsien het. In die besonder Erika Terblanche, eerste bibliotekaris, wat met ongekende ywer, vriendelikheid en behulpsaamheid op herhaaldelike navorsingsvrae gereageer het.
- Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA) wat ingestem het tot toegang tot die volledige elektroniese data van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB). In die besonder Susan Battison, projekleier van die SANB, wat geen moeite ontsien het om herhaaldelik data uit die SANB te onttrek en met navrae behulpsaam te wees nie, Tienie de Klerk, projekleier van die ISN-agentskap en Adri van As, hoof van die naslaanafdeling.
- Basil van Rooyen wat bereid was om my toegang te gee tot die manuskrip van die opgedateerde uitgawe van sy boek *How to get your book published in 30 (relatively) easy steps: A hands-on guide for South African authors* (Johannesburg: Penguin, 2005) voordat die boek verskyn het.
- Taiki Dimas vir sy tegniese hulp met die ontwikkeling en databasisargitektuur van die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie*.
- Anneke Butler, my Afrikaanse onderwyseres op hoërskool, wat 'n vormende rol gespeel het in my liefde vir en belangstelling in die Afrikaanse letterkunde. Ook vir haar moeite met die oorhoofse taalredigering van hierdie navorsingsverslag.
- Elna Louw vir haar noukeurige finale redigering.
- My familie en vriende vir al die aanmoediging, belangstelling én begrip oor die aandag wat julle moes ontbeer terwyl ek met die studie besig was.
- My Skepper vir die insig, krag en uithouvermoë.

***Vir my ma***

***vir al die aanmoediging en ondersteuning***

*As ons nou hier in die saal af ’n rij pale sou plant, tien pale, om die laaste tien jaar voor te stel, en aan elke paal ’n merk sou maak op ’n hoogte van die vloer af ooreenkomende met die betrekkelike skrijfgebruik van Afrikaans in die respektiewe jaartal, en ’n streep deur die merke trek, van die eerste af hier nabij die vloer tot bij die laaste, daar anderkant teen die solder, dan sou die streep ’n snel-stijgende boog beskryf – nie net vinnig opgaande nie, maar opgaande naar ’n vinnig vermeerderende rede. Laat ons nou in ons verbeelding die boog verleng vir die tien komende jare van nou af. Siet u, menere, waar die punt sal wees, daar buite in die blauwe lug hoog oor Bloemfontein, in die jaar 1924?*

Deel van die pleidooi “Afrikaans as Voertaal” deur C.J. Langenhoven oor die invoering van Afrikaans in die primêre onderwys tydens die jaarvergadering van die Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst op 4 Julie 1914 te Bloemfontein (Langenhoven, 1938:389).

**Hoe lyk die produksiekurwe van Afrikaanse fiksie vandag?**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| | Verklaring | ii |
| | Samevatting | iii |
| | Abstract | v |
| | Dankbetuiging | vii |
| | Lys van Tabelle en Figure | xxi |
| **1.** | **Hoofstuk 1: Inleiding, oriëntering en navorsingsontwerp** | **1** |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings van die ondersoek | 9 |
| 1.3 | Navorsingsmetodologie en navorsingsontwerp | 11 |
| 1.4 | Afbakening van die ondersoek | 15 |
| 1.5 | Wetenskaplike bydrae en relevansie van die ondersoek | 18 |
| 1.6 | Uiteensetting van hoofstukke en navorsingsontplooiing | 21 |
| **2.** | **Hoofstuk 2: Teoretiese vertrekpunte vir die rekonstruksie van ’n model van die uitgeesisteem** | **25** |
| 2.1 | Inleiding | 25 |
| 2.2 | Die ontwikkeling van verskillende benaderings tot die literatuurwetenskap | 26 |
| 2.3 | Die empiriese literatuurwetenskap: die institusionele- en sosiologiese benadering | 31 |
| 2.4 | Sisteemteoretiese benaderings tot literatuurwetenskap | 35 |
| 2.4.1 | Die polisisteemteorie van Itamar Even-Zohar | 36 |
| 2.4.2 | Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie | 46 |
| 2.4.3 | “Sisteem” of “Veld”? | 53 |
| 2.5 | Posisionering van boekstudie as studieterrein – ’n oorsig oor die internasionale ontwikkelsgang en ’n standbeskrywing van die plaaslike neerslag tot dusver | 55 |
| 2.6 | Posisionering van uitgewery-ondersoek | 66 |
| 2.7 | Die neerslag van boekstudie en uitgewery-ondersoek in die Afrikaanse literatuurwetenskap | 74 |
| 2.8 | Rekonstruksie van ’n model van die uitgeesisteem | 87 |
| 2.8.1 | Boekproduksie as institusie – die kern van die uitgeesisteem | 90 |
| 2.8.2 | Boekproduksie ingebed binne die breër institusionele en maatskaplike konteks | 92 |

**3. Hoofstuk 3: Die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 – 'n sisteembeskrywing van transformasieverskuiwings 95**

3.1 Inleiding 95
3.2 Boekproduksie as institusie: die kern van die uitgeesisteem 98
3.2.1 Genereringsfase 98
3.2.1.1 Uitgeefilosofie 101
3.2.1.2 Publikasielys 102
3.2.1.3 Huisstyl 104
3.2.2 Produksiefase 106
3.2.2.1 Redaksionele versorging (redigering) 106
3.2.2.2 Grafiese ontwerp en proeflees 108
3.2.2.3 Reproduksie, druk en afronding 109
3.2.3 Bemarkings-, verspreidings- en afleweringsfase 112
3.2.3.1 Bemarkingsfase 113
3.2.3.2 Verspreidingsfase 116
(a) Boekhandel 116
(b) Direkte bemarking / kommersiële boekklubs 120
(c) Elektroniese boekhandel 122
(d) Direkte verspreiding aan biblioteekdienste / biblioteke 122
(e) Direkte verspreiding aan onderwysdepartemente / skole 123
3.2.3.3 Afleweringsfase 124
3.2.4 Verbruik- en terugvoerfase 124

3.3 Subsisteme waarmee boekproduksie in interaksie verkeer: die institusionele konteks van die uitgeesisteem 128
3.3.1 Mediasubsisteem 129
3.3.1.1 Gedrukte media: die koerantwese en tydskrifwese 129
3.3.1.2 Uitsaaiwese: die radio en televisie 135
3.3.1.3 Elektroniese media 141

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.2 | Kultuursubsisteem | 142 |
| 3.3.2.1 | Die impak van transformasie op kulturele bedrywe | 143 |
| | (a) Die boekuitgewerybedryf | 143 |
| | (b) Die teaterbedryf | 144 |
| | (c) Die musiekbedryf | 149 |
| 3.3.2.2 | ’n Oorsig oor die heersende kulturele klimaat – ’n kultuurfilosofiese blik | 154 |
| 3.3.2.3 | Die ontwikkeling van ’n leeskultuur en boekkultuur as ontwikkelingstrategie vir die uitgewerybedryf | 158 |
| 3.3.3 | Literatuursubsisteem | 164 |
| 3.3.3.1 | Literatuuropvattings | 165 |
| 3.3.3.2 | Outeursprofiel | 166 |
| | (a) Demokratisering van die outeursprofiel | 167 |
| 3.3.3.3 | Literêre groepe en literêre debute | 169 |
| 3.3.3.4 | Skrywersverenigings en die verhouding skrywer–uitgewer | 172 |
| 3.3.3.5 | Literêre pryse en literêre wedstryde | 176 |
| 3.3.3.6 | Opleiding in skeppende skryfwerk | 184 |
| 3.3.3.7 | Literêre kritiek en literêre tydskrifte | 186 |
| 3.3.4 | Onderwyssubsisteem | 192 |
| | *Sekondêre onderwys* | 194 |
| 3.3.4.1 | Verskuiwings in die strukturele en finansiële voorsiening vir openbare sekondêre onderwys | 194 |
| 3.3.4.2 | Verskuiwings in die nasionale kurrikulumraamwerk vir skole en die voorsiening van skoolhandboeke | 196 |
| 3.3.4.3 | Seleksie-, aankoop- en verspreidingstelsel vir skoolhandboeke | 199 |
| | *Tersiêre onderwys* | 203 |
| 3.3.4.4 | Die status van Afrikaans as onderrigmedium aan tersiêre instellings | 204 |
| 3.3.4.5 | Studentegetalle van departemente Afrikaans | 206 |
| 3.3.4.6 | Herstrukturering van departemente Afrikaans, programme en modules | 207 |
| 3.3.4.7 | Amalgamering van tersiêre instellings en die stand van Departemente Afrikaans | 208 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.5 | Biblioteeksubsisteem | 211 |
| 3.3.5.1 | Strukturele verskuiwings, veranderde wetgewing en befondsingstrukture vir openbare biblioteekdienste | 212 |
| 3.3.5.2 | Die impak van transformasie op die aankoop van Afrikaanse fiksiepublikasies deur openbare biblioteke | 214 |
| 3.3.5.3 | Statistiese gegewens vir die openbare biblioteeksisteem | 217 |
| | | |
| 3.4 | Kontekste wat boekproduksie en die verbandhoudende subsisteme beïnvloed: die breë maatskaplike kontekste waarbinne die uitgeesisteem ingebed is | 219 |
| 3.4.1 | Politieke konteks | 219 |
| 3.4.1.1 | Veranderde wetgewing en regeringsbeleid | 220 |
| | (a) Formele politieke transformasie: implementering van 'n demokratiese Grondwet | 220 |
| | (b) Die Handves van Menseregte | 223 |
| | (c) Vanaf sensuur na beperkte beheer | 224 |
| | (d) Die nuwe nasionale taalbeleid en die impak op Afrikaans | 227 |
| | (e) Intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat | 232 |
| | (f) Pliglewering | 245 |
| 3.4.1.2 | Die rol van regeringsdepartemente | 245 |
| 3.4.1.3 | Nie-regering bedryfsliggame, organisasies en verenigings | 248 |
| | | |
| 3.4.2 | Ekonomiese konteks | 253 |
| 3.4.2.1 | Gedwonge transformasie teen die agtergrond van 'n negatiewe ekonomiese klimaat | 254 |
| 3.4.2.2 | Finansiële ondersteuning van die uitgewerybedryf deur die staat | 255 |
| 3.4.2.3 | Ekonomiese impak van die uitgewerybedryf | 257 |
| 3.4.2.4 | Die invloed van 'n veranderde ekonomiese omgewing in post-apartheid Suid-Afrika op die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie | 259 |
| 3.4.2.5 | Algemene ekonomiese indikators en faktore van toepassing op die uitgeesisteem | 263 |
| | (a) Privatisering en kommersialisering van organisasies | 263 |
| | (b) Die impak van verbruikersinflasie, waarde van die Rand en die wisselkoers | 264 |
| | (c) Die heffing van BTW op boeke | 265 |

| | | |
|---|---|---|
| | (d) Handelsterme in die boekuitgewerybedryf | 266 |
| | (e) Vaslegging van die verkoopprys van boeke | 266 |
| 3.4.3 | Tegnologiese konteks | 267 |
| 3.4.3.1 | Die impak van tegnologie op die totstandkoming en ontwikkeling van die boekuitgewerybedryf – 'n beknopte historiese oorsig | 267 |
| 3.4.3.2 | Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese programmatuur op die uitgeeproses | 269 |
| 3.4.3.3 | Die impak van die ontwikkeling in reproduksie en druktegnologie op die uitgeeproses | 270 |
| 3.4.3.4 | Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese pos op die uitgeeproses | 271 |
| 3.4.3.5 | Die beskikbaarheid en gebruik van digitale en elektroniese media, die Internet en die WWW | 272 |
| 3.4.3.6 | Toetrede tot vorme van digitale en elektroniese uitgee van Afrikaanse fiksie | 274 |
| 3.4.3.7 | Die beskikbaarheid van elektroniese verpakkingsformate soos e-joernale, e-koerante en e-tydskrifte en webgebaseerde platforms vir inligtingsverspreiding. | 282 |
| | (a) *LitNet* | 283 |
| | (b) *Boekwurm* | 286 |
| | (c) *Skoppensboer* | 287 |
| 3.4.3.8 | Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese handel op die uitgeesisteem | 288 |
| 3.5 | Samevatting | 291 |
| **4.** | **Hoofstuk 4: Transformasieverskuiwings in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 – 'n voorlopige uitgewerygeskiedenis** | **293** |
| 4.1 | Inleiding | 293 |
| 4.2 | 'n Voorlopige tipologie van soorte uitgewerye / produsente – produsentekategorieë in die produsentelandskap | 295 |
| 4.3 | Uitgewerye binne 'n mediamaatskappy of groter groep | 305 |
| 4.3.1 | Naspers / Via Afrika / NB-Uitgewers | 313 |
| 4.3.1.1 | Tafelberg | 318 |

4.3.1.2 Human & Rousseau 320
4.3.1.3 J.L. van Schaik / Van Schaik Uitgewers 323
4.3.1.4 Ametis 326
4.3.1.5 Queillerie 327
4.3.1.6 Kwela Boeke 328
4.3.1.7 Homeros 329
4.3.1.8 Jasmyn / Mirre / Melodie / Hartklop / Satyn 331
4.3.1.9 Lux Verbi Bybelmedia 332
4.3.1.10 ContentLot.com / Content Solutions 334
4.3.2 African Sun Media 336
4.3.3 Perskor 338
4.3.4 HAUM / HAUM-Literêr 341
4.3.5 JUTA / Jutalit 345
4.3.6 Random House Suid-Afrika (Umuzi) / Penguin Suid-Afrika 347

4.4 Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “populêre” fiksie fokus 348
4.4.1 J.P. van der Walt & Seun / LAPA 350
4.4.2 Jacklin Enterprises 353
4.4.3 Daan Retief / Kennis Onbeperk 356
4.4.4 Makro Boeke / Benedic Boeke 358
4.4.5 Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) 361

4.5 Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “literêre” fiksie fokus 362
4.5.1 Protea Boekhuis 363

4.6 Onafhanklike eenman-uitgewerye wat op nismarkfiksie fokus 365
4.6.1 Bent 365
4.6.2 Suider Kollege Uitgewers 367
4.6.3 Fenomeen Publikasies 368
4.6.4 Snailpress / Gnomic Press / Firfield Press 369
4.6.5 Litera Publikasies 370
4.6.6 Hermes 370
4.6.7 Hemel & See 371
4.6.8 Genugtig! 372

| | | |
|---|---|---|
| 4.7 | Onafhanklike alternatiewe uitgewerye | 373 |
| 4.7.1 | Taurus | 374 |
| 4.7.2 | Hond | 376 |
| 4.7.3 | Praag | 378 |
| 4.7.4 | Prog / Domestica / !Xthorro Publikasies | 379 |
| | | |
| 4.8 | Outeurs wat self-uitgee | 383 |
| 4.9 | Instansies wat self-uitgee | 385 |
| 4.10 | Die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie | 388 |
| | | |
| **5.** | **Hoofstuk 5: Die ontwerp van ’n produksiedatabasis, die ontwikkeling van ’n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë en die (re)konstruksie van ’n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie-publikasies** | **389** |
| 5.1 | Inleiding | 389 |
| 5.2 | Die epistemologie van produksiestatistiek as teoretiese vertrekpunt | 390 |
| 5.3 | Beskikbaarheid van bronne van statistiese data vir die boekuitgewery- en boekhandelbedryf – ’n internasionale konteks en die Suid-Afrikaanse situasie | 395 |
| 5.4 | Beskikbaarheid van bronne van statistiese data vir die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies | 402 |
| | | |
| 5.5 | Ontwikkeling van die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF) | 410 |
| 5.5.1 | Werkwyse tydens die ontwikkeling van die PDAF | 411 |
| 5.5.2 | Afbakening by die seleksie van relevante data – ingeslote en uitgeslote data | 412 |
| 5.5.3 | Versameling van data uit eerste-vlak-bronne | 415 |
| 5.5.3.1 | Die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie* (SANB) | 415 |
| | (a) Samestelling van die SANB en die Wet op Pliglewering | 416 |
| | (b) Ontstaan van ’n nasionale bibliografie | 420 |
| | (c) Formaat van die SANB | 421 |
| | (d) Onttrekking van data oor Afrikaanse fiksiepublikasies uit die SANB | 425 |
| | (e) Voordele van die SANB as bron van produksiedata | 425 |
| | (f) Tekortkominge van die SANB as bron van produksiedata | 426 |

5.5.3.2 Publikasiekatalogus van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) 428
(a) Ontstaan van ’n bibliografie van Afrikaanse boeke as begin van NALN se publikasiekatalogus 429
(b) Samestelling van NALN se publikasiekatalogus 433
(c) Formaat van NALN se publikasiekatalogus 434
(d) Onttrekking van data uit NALN se publikasiekatalogus 435
(e) Voordele van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata 437
(f) Tekortkominge van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata 438

5.5.4 Konsolidering van die twee eerste-vlak-bronne 439
5.5.5 Verifiëringsproses 441
5.5.5.1 Verifiëring van data aan die hand van tweede-vlak-bronne 441
5.5.5.2 Verifiëring van data aan die hand van derde-vlak-bronne 443
5.5.6 Afronding van die gekonsolideerde- en voor-finale datastel tot finale datastel 445
5.5.7 Verpakking van die finale datastel in ’n databasis 447

5.6 Ontwikkeling van ’n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë 447
5.6.1 Beskikbaarheid en bruikbaarheid van bestaande kategoriseringstelsels 448
5.6.1.1 Die Dewey-klassifikasiestelsel 449
5.6.1.2 Teoretiese aspekte van die genre-leer 452
5.6.2 Kriteria by die ontwikkeling van die kategoriseringstelsel van produksiekategorieë 456
5.7 Die (re)konstruksie van ’n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies 468
5.7.1 Die konsep “produksieprofiel” 469
5.7.2 Die konsep “uitgeweryprofiel” 470
5.7.3 Die konsep “(re)konstrueer” 471
5.7.4 Afbakening by die (re)konstruksie van profiele uit die PDAF – die moontlikheid van ander profiele 472
5.7.5 Werkwyse by die (re)konstruksie van die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies 474

**6. Hoofstuk 6: Statistiese produksiepatrone in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 479**

6.1 Inleiding 479

6.2 Totale aantal rekords van Afrikaanse fiksiepublikasies 481

6.3 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van romantiese fiksie 485

6.3.1 Produksiekategorieë van romantiese fiksie 485

6.3.2 Produksiepatrone van romantiese fiksie 487

6.3.3 Uitgeweryprofiel van romantiese fiksie 494

6.4 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van langer prosa (romans en novelles) 497

6.4.1 Produksiekategorieë van langer prosa (romans en novelles) 498

6.4.2 Produksiepatrone van langer prosa (romans en novelles) 500

6.4.3 Uitgeweryprofiel van langer prosa (romans en novelles) 508

6.5 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van kortprosa 510

6.5.1 Produksiekategorieë van kortprosa 511

6.5.2 Produksiepatrone van kortprosa 516

6.5.3 Uitgeweryprofiel van kortprosa 523

6.6 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa 525

6.6.1 Produksiekategorieë van riller- / spannings- / speurprosa 526

6.6.2 Produksiepatrone van riller- / spannings- / speurprosa 527

6.6.3 Uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa 532

6.7 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van inspirerende prosa 534

6.7.1 Produksiekategorieë van inspirerende prosa 535

6.7.2 Produksiepatrone van inspirerende prosa 538

6.7.3 Uitgeweryprofiel van inspirerende prosa 541

6.8 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van inspirerende poësie 543

6.9 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van humoristiese prosa 545
6.9.1 Produksiekategorieë van humoristiese prosa 545
6.9.2 Produksiepatrone van humoristiese prosa 549
6.9.3 Uitgeweryprofiel van humoristiese prosa 552

6.10 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van humoristiese poësie 554

6.11 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van poësie 555
6.11.1 Produksiekategorieë van poësie 555
6.11.2 Produksiepatrone van poësie 560
6.11.3 Uitgeweryprofiel van poësie 567

6.12 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van drama 571
6.12.1 Produksiekategorieë van drama 571
6.12.2 Produksiepatrone van drama 573
6.12.3 Uitgeweryprofiel van drama 579

6.13 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van publikasies waarin gemengde genres voorkom 582
6.14 Groei / inkrimping / diversifikasie van die totale produksieprofiel van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie 584

**7. Hoofstuk 7: Samevatting van bevindinge, toekomstige navorsing en slotperspektief 591**
7.1 Inleiding 591
7.2 Samevatting van bevindinge 591
7.3 Toekomstige navorsing 596
7.4 Slotperspektief 603
Bibliografie 605
Aanhangsel A: Lys van katalogusse en nuusbriewe 662
Aanhangsel B: Lys van produksiekategorieë 669

# Lys van Tabelle en Figure


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 1: | PDAF – Totale aantal rekords verdeel in 11 oorhoofse produksiekategorieë vir die periode 1990-2005 | 481 |
| Figuur 1: | Generiese model van die uitgeesisteem | 89 |
| Figuur 2: | Toegepaste model: Die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie 1990-2005 | 97 |
| Figuur 3: | Produsentelandskap van Afrikaanse fiksie 1990-2005 | 386 |
| Figuur 4: | Produksiepatrone van Afrikaanse liefdesromans oor die periode 1990-2005 | 490 |
| Figuur 5: | Uitgeweryprofiel van Afrikaanse romantiese fiksie oor die periode 1990-2005 | 496 |
| Figuur 6: | Produksiepatrone van Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005 | 501 |
| Figuur 7: | Uitgeweryprofiel van Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005 | 509 |
| Figuur 8: | Produksiepatrone van Afrikaanse kortprosa (kortverhaalbundels) oor die periode 1990-2005 | 517 |
| Figuur 9: | Produksiepatrone van Afrikaanse kortprosa (dagboeke, essaybundels, aanhalingsbundels) oor die periode 1990-2005 | 522 |
| Figuur 10: | Uitgeweryprofiel van Afrikaanse kortprosa oor die periode 1990-2005 | 524 |
| Figuur 11: | Produksiepatrone van Afrikaanse riller- / spannings- / speurprosa (langer en kortprosa) oor die periode 1990-2005 | 528 |
| Figuur 12: | Uitgeweryprofiel van Afrikaanse riller- / spannings- / speurprosa oor die periode 1990-2005 | 533 |
| Figuur 13: | Produksiepatrone van Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005 | 539 |
| Figuur 14: | Uitgeweryprofiel van Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005 | 542 |
| Figuur 15: | Produksiepatrone van Afrikaanse humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005 | 550 |
| Figuur 16: | Uitgeweryprofiel van Afrikaanse humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005 | 553 |

Figuur 17: Produksiepatrone van Afrikaanse poësie oor die periode 1990-2005 561

Figuur 18: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse poësie oor die periode 1990-2005 570

Figuur 19: Produksiepatrone van Afrikaanse drama oor die periode 1990-2005 575

Figuur 20: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse drama oor die periode 1990-2005 581

Figuur 21: Totale produksie van Afrikaanse fiksie oor die periode 1990-2005 586

Figuur 22: Diversifikasie in die totale produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 589